ALGEMEEN

# Nuwe Tesourus 'wys hoe Afrikaans elke dag groei'

20 Mei 2021 05:56

"Enigiemand wat vandag vir jou wil sê Afrikaans is besig om dood te gaan – ek het slegte nuus vir daardie persoon. Dit is doodgewoon nie so nie."

Só sê prof. Leon de Stadler, voormalige direkteur van die Universiteit Stellenbosch (US) Taalsentrum. Hy het verlede week gepraat op 'n bespreking van die hersiene uitgawe van die woordeboek Tesourus van Afrikaans wat vroeër vanjaar verskyn het. De Stadler is 'n medewerker van dié woordeboek.

'n Tesourus is 'n woordeboek wat sinonieme en verwante konsepte van woorde gee. Dit is die eerste hersiene uitgawe sedert die Tesourus van Afrikaans in 1994 die lig gesien het.

NUUSBULLETIN GEWILDSTE

1. Covid-19: Die jongste syfers en inentings
2. 36 mense sterf tydens onluste in Phoenix – Cele
3. Nog 'n SA komponis sterf
4. Wêreldrugby veroordeel Rassie-video
5. Pole gee visum aan verstote Spele-atleet



Stemme

Taalsentrum en medewerker aan die tesourus.

De Stadler, ook voorheen verbonde aan die departement Afrikaans en Nederlands aan die US, het saam met sy vrou, Amanda, die Afrikaanse tesourus bygewerk. Amanda is die voormalige uitvoerende hoof van Vriende van Afrikaans. Sy is ook 'n kinderboekskrywer en betrokke by verskeie woordeboekprojekte.

Die nuwe uitgawe van die Tesourus van Afrikaans bevat meer as 140 000 inskrywings in 855 betekenisvelde. Hiervan is 20 000 nuwe inskrywings.

Dit het kruisverwysings, idiome, vaste uitdrukkings en ook meer inskrywings uit die variëteite van Afrikaans, sê die US in 'n verklaring.

"Sedert die verskyning van die Tesourus in 1994 het die Afrikaanse woordeskat baie sterk gegroei," sê De Stadler.




Rubriekskrywer
Waldimar Pelser is redakteur van Rapport en aanbieder van 'In Gesprek' op kykNET.



Waldimar Pelser: Toelaes is die maklike uitweg
Waldimar Pelser: Anargie: Burgers sal hulself beskerm

komonskliek
DEEL VAN NETWERK24

MANS VROUE SOEK



Griet1
Ek het n borrelende geaardheid, wat gepaard gaan met n spontane liefde vir die lewe en die wereld. Ek kan ook ernstig wees en duld nie oneerlikheid, luiheid en…



IsMaarNetEk
Ek is 'n introvert en maak nie maklik vriende nie, maar wanneer ek jou eers leer ken het kan ons die beste vriende wees wat daar is.




Amanda de Stadler, nog 'n medewerker, wys van die eksemplare van die nuwe 'Tesourus van Afrikaans'.

"Dink maar aan die woordeskat wat betrekking het op die moderne tegnologie, maar veral ook die pandemiewoordeskat, wat die taal verryk het.

"En die ironie is juis dat die taal elke dag verder groei. Toe die manuskrip reeds op pad na die drukker was, was daar alreeds weer nuwe woorde soos bioborrel, druppeloordraagbaar, superverspreider, afstandskepping, voetgroet, elmboogkug, superverspreidergeleentheid en nog meer wat nie die huidige uitgawe gehaal het nie."

De Stadler sê dit vir hulle veral lekker om ook op die variëteite van die taal te kon fokus met die opname van vorme soos annerlik, jits, newwer, newwermaaind, nema, voorlik, omtes, oralster, klossie (kleinhuisie), moewies, habba, piemp, liksens, mouter, skorro-skorro, loslappie, komvandaan, barakat, ottermaklottertjie, boom en koelpatats (dagga), madjat, sjoekran, properse, sterkgevreet (sterkgevriet) (sterk van gees).

"Daaruit blyk juis die rykheid van die Afrikaanse taalskat," sê hy.

"Dit was belangrik om erkenning aan die variëteite te gee en duidelik te maak dat ons

PHAROS

# TESOURUS VAN AFRIKAANS

L.G. DE STADLER · A. DE STADLER



Die voorblad van die 'Tesourus van Afrikaans'. Foto: NB Uitgewers

De Stadler sê terwyl hy met die projek besig was, het hy weer bewus geword van Afrikaans as 'n lewende taal.

"Dit was fassinerend om te sien wat met Afrikaans gebeur het oor 'n tydperk van meer as 20 jaar. Die taal leef, jy voel heeltyd die pols daarvan, en die hersiene tesourus laat hoor hierdie hartklop in die opname van die meer as 20 000 nuwe inskrywings."

De Stadler meen almal wat skryfwerk doen, sal by die hersiene tesourus baat vind, maar die boek kan ook elders ingespan word.

"Dit was veral verblydend om byvoorbeeld te sien dat die boek die aandag van onderwysers getrek het en dat hulle meer wil weet oor hoe dit in die klaskamer gebruik kan word."

De Stadler sê hulle is by verskeie geleenthede genooi vir onderhoude met onderwysers om hulle in te lig hoe om die tesourus ten volle te benut tot voordeel van die kinders.

Die idee vir 'n Afrikaanse tesourus het by die De Stadlers posgevat in die 1980's. Hulle het baie tesourusse geraadpleeg en uiteindelik op dr. L Brouwers en dr F. Claes se Het Juiste Woord, die grootste inventaris van sinonieme, styl- en betekenisvariante, uitdrukkings en teenstellings in Nederlands, as riglyn besluit.

"Die onderliggende konseptuele struktuur van die woordeboek moes aangepas word om die Afrikaanse leefwêreld te reflekteer," lui die verklaring.

"Met die hersiening van die tesourus is die struktuur behou, maar is die interne organisasie van tesourusartikels is wel vernuwe en verbeter."

Die tesourus word uitgegee deur Pharos, 'n druknaam van NB Uitgewers. Dit kos R450 en is beskikbaar by vooraanstaande boekhandelaars, asook op die internet by

## Nog stories

KYK WEER! Die nuwe Tesourus van Afrikaans word bekend gestel

Pharos Woordeboeke stel Tesourus van Afrikaans op Netwerk24 bekend

## MyStem: Het jy meer op die hart?

Stuur jou mening van 300 woorde of minder na MyStem@netwerk24.com en ons sal dit vir publikasie oorweeg. Onthou om jou naam en van, 'n kop-en-skouers foto en jou dorp of stad in te sluit.

## Ons kommentaarbeleid

Netwerk24 ondersteun 'n intelligente, oop gesprek en waardeer sinvolle bydraes deur ons lesers. Lewer hier kommentaar wat relevant is tot die onderwerp van die artikel. Jou mening is vir ons belangrik en kan verdere menings of ondersoeke stimuleer. Geldige kritiek en meningsverskille is aanvaarbaar, maar dit is nie 'n platform vir haatspraak of persoonlike aanvalle nie. Kommentaar wat irrelevant, onnodig aggressief of beledigend is, sal verwyder word. Lees ons volledige kommentaarbeleid hier.

Comments for this thread are now closed ×

10 Comments Netwerk24 Disqus' Privacy Policy Taalmuseum Taal...

Recommend 3 Tweet Share Sort by Best

**JJ Lovelock** • 2 months ago

Baie dankie vir julle harde werk. Dit is mense soos julle wat daartoe bygedra het dat Afrikaans gegroei het tot n volwaardige akademiese taal.

Huh.

Share ›

**Willem Liebenberg** • 2 months ago

Se dit vir Wim en Leslie ook. Hopelik neem hulle kennis daarvan.

Share ›

**ANTON ESTERHUYSE** • 2 months ago

Die ANC klassifiseer Afrikaans as uitheemse taal. Wat 'n dwaling. Afrikaans is so inheems as kan kom. Hier onstaan,gebrei en geslyp tot 'n moderne, wetenskaplike taal. 'n Taal wat steeds groei en skep. Dankie vir die werk wat julle doen. Ons pawiljoensitters is baie dank aan julle verskuldig.

Share ›

**Pieter Zwarts** • 2 months ago

Dit is baie goeie nuus dat die Tesourus uitgebrei is en dat daar 'n nuwe weergawe beskikbaar is. nou moet ons net die Afrikaans sprekend kundiges kry om dit te gebruik, sodat hulle nie 'n geradbrakte onderhoud voer, op die Afrikaanse radio stasies, nie.

Ek praat nie eers van musici se swak Afrikaans in onderhoude nie.

Share ›

**P Nel** • 2 months ago

Genuine? Maar dis amazing!

Share ›

**Philip De Vos** • 2 months ago

Ek weet dat ek dit al tot vervelens toe gesê het, maar weer 'n keer kan nie skade doen nie: Die HAT en die De Stadlers se Tesourus van Afrikaans bly vir my ongetwyfeld steeds die twee kosbaarste boeke in my biblioteek.

Share ›

**Seg Maar-net** • 2 months ago

Ek beskou nie regtig die aanvaarding van anglisisme as groei.nie.

Daar is min geskepte woorde en baie anglisismes wat opgeneem word...

Dii dui dalk op uitbeiding maar nie groei nie.

Share ›

**Jannie Venter** → Seg Maar-net • 2 months ago • edited

Ek stem al die pad saam. Naratief en acsualy is seker ook nou aangeneem.

Share ›

Subscribe Add Disqus to your siteAdd DisqusAdd Do Not Sell My Data